

## **TOULEIER**



# Ek leer in Sulawesi hoe 'n mens moet lewe!

## Hoofstuk 3 Deel 4 – Verre Ooste

**O**mdat ons so skielik verwyder was uit die Filippyne, was daar nie dadelik vir my werk nie. Amper vier maande lank kuier ons in Hongkong terwyl my baas naartigtelik soek om my weer winsgewend aan te wend.

Ons bly saam met twee jong Engelsmannetjies in 'n woonstel in Sam Tseng en verken die plek van hoek tot kant. Een keer per week spring kameraatjie op 'n bus met 'n bondel wasgoed na vriende van ons in Kowloon.

Die mark by Stanley was een van ons gurseling besoekpunte want daarkry jy amper enige iets onder die son en dit voel altyd soos 'n winskopie. Die dubbeldekkerbus wat mers soontoe neem gee jou ook kans om die al die mooi en vreemde plekke langs die roete te besigtig. Jy ry byvoorbeeld verby een van die duurstes gholfbane in Repulsebaai en daar is ook 'n woonsteltoring met 'n yslike vierkantige gaping dwarsdeur die gebou, so vyftien verdiepings op. Blykbaar bied dit 'n onbelemmerde uitsig oor die see vir een of ander belangrike ontslapene vanuit sy praalgraf teen die berg agter die gebou.

Ons reis ook gereeld elke maand per veerboot na die Portugese dubbeldorp Macau op wat hulle 'n visumlopie noem. Indien jy nie 'n werksvisa het nie, moet jy elke maand of so Hongkong verlaat en dan weer opnuut inkom as besoeker. My volgende projek neem my van een van hierdie woeligste en digbevolkste stede in die wêreld na die afgeleë eiland van Noord-Sulawesi. Dis een van die duisende eilande van Indonesië. Noord- en Suid-Sulawesi lyk amper soos 'n reuse seekat of spinnekop as jy dit op die wêreldkaart bekyk.

Weer gaan ek alleen vooruit. Eers land ons in Djakarta en dan neem ek 'n binnelandse vlug na die hoofdorp, Manado, op die noordpunt van die eiland. Amper 'n klipgooi van my vorige werk in die Filippyne en dus ook tropies. Die lang dun palmbome groei soos 'n groen tapyt dig teen mekaar. Vanuit die lug sien ek daar is ook 'n paar vulkane waarvan enkeles steeds 'n smeulende rookpluimpie uitsuut.

Binne die piepklein lughawegeboutjie merk ek my naam op 'n bordjie. Virnig is ons oppad na die kamp wat die slim Franse maatskappy hoog teen die berge gevestig het. Dis 'n goeie driekwartuur van die projek self, maar ook baie koeler en minder bedompig. Tipies Frans word daar eerste gesorg vir leefbaarheid en gemak.

Ek kon my oë nie glo toe ek aansit vir brekfis die volgendoggend nie. Vars gebakte baguettes en croissants en kwarteleiertjies met 'n guitige Franse mosterd slaaisousie as jy nie so vroeg in die oggend van omelette met krapvulsel hou nie. Om alles te kroon, ry die klomp nog elke dag weer terug kamp toe vir middagete. Die spyskaart word ook elke week verander. Mens kan ook nie op 'n vol maag sommer dadelik weer begin werk nie en ons daag eers weer so teen drieuur die middag by die werk op. Dis mos nou hoe 'n mens moet lewe!

Ek laat weet vir kameraatjie sy kan maar kom, daar is 'n hele woonstel vir ons met selfs 'n papawerboom met vrugte aan en 'n pynappelplant in die voortuin. Sy moet net genoeg leesstof saambring want daar is net een televisiestel in die kamp se klubhuis.

Ek kom agter die mense van die eiland is darem alre vreeslik vriendelik. Elke oggend kom hulle uit hul huise uit en waai vir ons in die verbyry. Gou besef ek dis eintlik net die vrouens wat vir ons wuif. Volgende keer meer hieroor.

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)**

# Om die kampvuur


*Winternag* is vanjaar 110 jaar oud

Waarom is dit dat *Winternag* ons steeds bekoor? Wat leef in dié gedig dat dit so 'n lang rakleef tyd behou?

Ná 1902 was Afrikaanse gedagtes gestroop van skoonheid en toekomsvisie. Die politieke vryheid van die twee Boere Republieke was daarmee heen en 'n lewe in alle vorme van Engels het hulle voorgelê.

Manne soos Gustav Preller het dit geweet en het op die taalfront 'n stryd daarteen aangeknop. Die geskrewe Afrikaans tot hulle beskikking was min, verbeeldingloos en selfs yl. Toe verskyn in Land en Volk op 23 Junie 1905, Eugène Nielen Marais se gedig *Winternag*, wat die verwagting van Afrikaans werklik gemaak het.

*O, koud is die windjie  
en skraal  
en blink in die doflig  
en kaal –  
so wyd as die Heer se genade –  
lê die velde in sterlig en skade  
En hoog teen die rande  
versprei in die brande  
is die grassaad aan roere  
soos winkende hande.  
O treurig die wysie  
op die oostewind se maat  
soos die lied van 'n meisie  
in haar liefde verlaat!  
In elk grashalm se vou  
blink 'n druppel van dou  
en vinnig verbleek dit  
tot ryp in die kou.*



**Winternag** het 'n credo geword van die poëtiese stem wat Afrikaans kan bereik. Die Afrikaanse mense het geweet, *Winternag* wys Afrikaans is bestem vir hoër dinge.

Hoe het Marais dit reggekry? Met alledaagse sober middele bereik hy die suiwerste essensie van poësie. Beeld in woord verbeeld. Dit beweeg van die onmeetlikheid van 'n veld weerloos onder 'n sterreheemel, die treurlied van wind soos 'n meisie in liefde verlaat na 'n konkrete druppel wat verys. Alle elemente in een stolling saamgetrek.

*Winternag* is steeds een van die suiwerste natuurstemmings in Afrikaans. Die suiwerheid van Afrikaans se vermoë om alles, maar alles wat die moderne mens ontroer, het *Winternag* laat bloeisel.



## Boeta, was hulle verkeerd! (4)

"'n Skip wat teen die wind seil met krag wat van 'n vuur onder sy dek kom? Ek het nie tyd vir norsens nie."

- **Napoleon Bonaparte** toe hy in die 1800s van Robert Fulton se stoomskip hoor.

# Duskantlander in Anderkantland

## His en foeter is deel van Ghana

**Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana**

**O**ns oorleef ons derde kontrak in Akkra, en vier jaar in Ghana het weer verbygeglim. Hierdie plek is 'n miernes van bedrywigheid. Daar woon immers vier miljoen mense in dieselfde stad as ek! Tans is hier is 'n nuwe intrekker van Holland in Akkra en ek is ougat en wys haar so effe die dorp. Nou beleef en sien ek, van voor af, weer die mense van Wes-Afrika deur nuwe oë.

Dis 'n erge skok as straatsmouse en taxidrywers soos slange vir jou his om jou aandag te trek. Seker maar beter as om soos 'n hond geroep te word met 'n fluit. Natuurlik is dit baie effektief en mens leer dit gou-gou self aan. Ek s maak dit dik, elke keer as ek 'n kelner of lugtydverkoper van doer oorkant nader roep met my slang-his. In Windhoek kan ek my kinders van anderkant die rugbyveld af se aandag trek. Ek steur my nie aan snaakse kyke nie, maar die koffiemoffies op die vlugte is 'n ander storie. Boeta, hulle vermy die een wat dit waag om te his-roeps soos 'n stopsstraat; die hele vlug.

Hierdie mense vertel jou sommer so in jou gesig jy's vet! Stadig oor die klippertjies, tel tot tien ... hulle is nie gemeen nie, hulle reken 'meer gesonde' mense is welaf want natuurlik skiet jy dan nie te kort nie. My vriendin se graad twaalf-kind is so honderd en vyf kilogram en een-punt-agt-meter lank. Hy kan negentien wees, maar sy onderwyser raai hy's seker vyf-en-dertig, want hy is so 'groot'.

"Gee my geld!" bakhard reeds onder jou neus ingedruk. Dis iets om aan gewoon te raak dat vreemdes en kinders sommer prontuit vir geld vra. Hierlangs ry ek die strate plat met my bergfiets. Nie een dag gaan verby waar 'n hekwag of skoomake, nie indringend vra – "gee my jou fiets" nie. Doer in die stokkies, in 'n stat waar ons 'n kliniek bou, neem ek gedurig fotos. Die Groot Indoena skuifel nader en ek stel voor dat ek al die fotos vir hom sal aanstuur. "Dankie", sê hy "dis goedso, maar eintliksoek ek 'n nuwe selfoon".

Ghanese neuk die blou waks uit hulle kinders. Sommerso plathand oor die kop of skouer, KARPLAKS! 'n Stoute Ghanese kind gaan jy nie sommer vind nie. Die wat wel in winkels ingaan is besoekers van elders. Ek reken hierdie kinders leer van pyn van kleins af, want kort-van-draad-onderwysers het altyd 'n kweperlat byderhand en deel karwatsstrepe uit oor ore, koppe en skouers.

So klein soos vyfjaar oud, jaag hulle mekaar rond met stokke en skree "ek slaat jou, ek maak jou vrek vandag!" Teen die tyd dat hulle skod verlaat is hulle almal bedees gedonner; kalm soos maklamme wat praat in fluisterstemme.

Geen Ghanees gaan ooit vir jou sê hy weet nie. it vind jy uit as jy twee ouers op straat stop en rigting vra. Beide se arms skiet uit, skouerhoogte en dui twee verskillende rigtings aan. Niemand gebruik straatname nie, en taxidrywers loer vir jou in die truspieël om te raai watter kant toe om af te draai. Voordat jy ingeklim het, het hulle manhaftig bevestig hulle weet presies waarheen jy op pad is. Selfs as hulle die woord "nee" nie kan vermy nie, voeg hulle die woord "please" agteraan, by om die inslag daarvan te verminder.

Hierdie mense leef nog na aan die bos. Jy sit in die sitkamer met teekoppie-in-die-hand en kombuisfeetje kom ingefladder en verklaar: "I go to shee". Mans, dink ek wil net pronk want hulle staan skaamteloos twee hande en vas hou; orals en water a slaan. In verkeer, op sypaadjies, in die mark, teen lappale en monumente is kennisgewings wat s meek dat mans die krane moet toehou.

Witmense in die bos is nog altyd 'n aardigheid. Kindertjies skree al honderd meter vêr: "Obruni, Obruni!" wat in Twi maar net beteken 'besoeker van oor die horison'.

Ek raak nooit moeg om te sien hoe almal om jou kêns raak die oomblik as hulle jou sien nie. Hulle pak mieliepitte uit en klap handjies, en almal wil net een keer aan jou raak en weg hol.

Nou leer ek die nuwe antie om haar hart effe te verhard, haar beursie toe te hou, nie te staan na die publieke ontbloting nie en vriendelik te waai as iemand haar *Obruni* roep.

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



"Wanneer ektot by drie tel sal jy wakker word en nooit weer lus kry om voëltyes te jaag nie."

## TRADISIE

Onnie: "Hemel, Pietie, maar jy praat baie!"

Pietie: "Dis 'n familietradisie, meneer."

"My oupa was 'n smous, my pa was 'n onderwyser."

Onnie: "En wat van jou ma?"

Pietie: "My ma is 'n vrou."

## LES IN IRONIE

Die welsynstelsel word deur die SA Departement van Sosiale Ontwikkeling bedryf. Minder as 6 miljoen belastingbetalers dra tot die fonds by.

Die Departement het trots verklaar dat hy in staat is om 16 miljoen werkloos en ander hulpbehoewendes te help.

Intussen het die Sanparke, bedryf deur die Departement van Omgewingsake, 'n versoek tot die publiek gerig:

**Moenie die apies voer nie. Hulle sal in getalle toeneem, afhanklik word van aalmoese en nie leer om hulself te versorg nie.**

En so eindig vandag se les in ironie.

## JOUNE OOK!

Ek was vandag in 'n kort tou by die bank. Voor my was 'n Japannese vrou wat yen vir rand wou omruil, en sy was geïrriteerd omdat die rentekoers nou laer was.

"Why it change?" vra sy die teller.

"Fluctuations," het die teller geantwoord.

Japannese vrou: "Fluck you white people too!"

## BROEKLOSMAAK

Twee ooms het gaan jag. Een voel sy maag is nie lekker nie en sê hy sal moet gaan broeklosmaak.

Die ander een sê ja, hy het dieselfde behoefte en moet ook gaan.

Hulle besluit om rug teen rug te sit, want dis leeuwêreld.

Terwyl die twee nog so sit, brú! 'n leeu skielik naby hulle. Albei vlieg in die naaste boom in, maar die een oom lag so hard dat hy amper uit die boom val.

Die ander een vra: "En wat is so donners snaaks?"

"Ek lag, want jy't darem baie groot geskrik."

"Hoe weet jy ek het so groot geskrik?" vra hy.

"Want jy het sommer **my** stert afgevee!"

## COUNTRYSANGERS

Hoeveel countrysangers is nodig om 'n gloeilampie om te ruil?

Vyf. Een ruil die gloeilamp om en die ander vier sing oor hoe goed die ou een was.

## HAGAR die Versklikke deur Dik Browne



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

### HULPLYN VIR MANS



"Hallo. Jy is by die Hulplyn vir Mans. My naam is Jan. Hoe kan ek jou help?"

"Hallo, Jan. Ek het 'n ernstige probleem en soek jou raad. Ek vermoed al 'n ruk lank dat my vrou my vemeuk. Die gewone tekens: Die foon lui en wanneer ek antwoord, hang die inbeller op. En sy gaan ook baie saam met die 'meisies' uit.

"Ek probeer wakker bly totdat sy terugkom, maar ek raak altyd aan die slaap. Laasnag het ek om middernag wakker geword en sy was nog nie tuis nie. Ek het toe in die garage agter die boot gaan wegkruip.

"Sy het in iemand anders se kar opgedaag en was besig om haar bloes se knope vas te maak.

Toe haal sy haar panties uit haar handsak en trek hulle aan!  
"Dit was daai oomblik waar ek gebukkend agter die boot gestaan het toe ek sien daar is 'n kraak in die buiteboordmotor se monteerkランプ.

"Dink jy dis iets watek kan sweis, of moet ek die hele klamp vervang?"



### 'n Goeie les vir alle seuns

Die seun het sy bejaarde vadervir aandete na 'n restaurant geneem.

Omdat die ou man swak was, het hy kos op sy hemp en broek gemors terwyl hy eet.

Die ander eters het die ou man met afkeur bekyk, maar sy seun het kalm gebly.

Ná die ete was die seun nie verleë nie en het hy sy pa stilletjies na die badkamer geneem. Hy het dis kosvlekke verwyder, sy pa se hare gekam en sy bril mooi netjies opgesit.

Met hul terugkoms het die hele restaurant hulle in doodse stilte aangekyk en nie geweet hoe kan iemand hulself in die openbaar so vemedere nie.

Die seun het die rekening betaal en met sy pa uitgestap.

Toe staan 'n ou man in die restaurant op en vra: "Dink jy nie jy het iets agtergelaat nie?"

"Nee, meneer, ek het nie," was die seun se antwoord.

Maar die ander ou man was vasbeslote: "Ja, jy het iets vergeet. Jy laat 'n les vir elke seun agtergelaat."

Die restaurant het doodstil geword.

### LANG NEK

'n Kameelperd gesels met 'n muis.

"Dis té héerlik om so 'n lang nek te hê! Met etes kan ek elke happie al die pad in my nek af tot in my maag geniet. In die somer is dit só verfrissend om ietsie koud te drink - die koel vog verkwik my hele lyf terwyl dit in my keel afvloei."

Die muis vra: "Het jy al ooit gekots?"

### 'n Man se dag lyk so



### 'n Vrou se dag lyk so



### Jy moet dit reg sê

Die polisieman sien 'n groot swart man op die dak van 'n Fordkar dans. Hy bel vir ondersteuning.

"Wat is die situasie?"

"'n Groot swart poephol dans op 'n kar se dak."

"Jy kan nie oor die radio so praat nie," sê die operateur. "Jy moet politiek korrekte terminologie gebruik."

"Oukei," sê die polisieman. "Zulu . . . Tango . . . Sierra."



## Weer terug na die heel begin

Toe ek **13** was, het ek gehoop om 'n meisie met groot tieties te ontmoet.

Toe ek **16** was, het ek 'n meisie met groot tieties ontmoet, maar daar was geen passie nie. Ek wou toe 'n passievolle meisie met 'n liefde vir die lewe ontmoet.

Op kollege het ek met 'n passievolle meisie uitgegaan, maarsy was te emosioneel. Sy was 'n ware drama queen wat die heeltyd gehuil en gedreig het om selfmoord te pleeg.

Ek besluit toe ek wil 'n gebalanseerde meisie hê.

Op **25** het ek 'n baie stabiele meisie ontmoet, maarsy was vervelig en totaal voorspelbaar. Ek besluit toe ek het 'n opwindende meisie nodig.

Op **28** het ek 'n opwindende meisie leer ken, maar ek kon nie byhou nie. Sy het van die een ding na die ander gestorm. Sy het mal en voortvarende dinge gedoen en my net so dikwels gelukkig as ongelukkig gemaak.

Sy was aanvanklik groot pret en baie energiek, maar rigtingloos. Ek begin toe soek na 'n meisie met ware ambisie.

Toe ek **30** was het ek 'n mooi meisie met ambisie gevind wie se voete plat op die aarde was.

Sy was so vol ambisie dat sy van my geskei en al my besittings geneem het.

Ek is nou **ouer** en baie wyser en op soek na 'n meisie met groot tieties.

## Jacob Zuma se drankrekening

Jacob Zuma en 'n paar van sy soustreinryers het saam gaan drink. Na 'n paar ure het die kelner die rekening gebring:

Zuma	400.00
Cele	250.00
Mbalula	450.00
Vavi	200.00
Nzimande	800.00
<b>TOTAL</b>	<b>R2 100.00</b>

Zuma het die rekening betrag en sê vir die kelner:

"Haikona! Ek sal vir almal betaal, maar Total moet sy eie rekening betaal.

"Ek het hom nie genooi nie en wat meer is, hy besit 'n swetterjoel vulstasies reg oor die land."

**As jy lag, sorg dat jy dit nie alleen doen nie!**

## Die beste manier om jou geld te belê

As jy 'n jaar gelede R1 000 se Nortel aandele gekoop het, sal dit nou R49 werd wees.

As jy R1 000 se aandele in Delta lugdiens gekoop het, sou daar nou ook net R49 oor wees.

Met Enron-aandele sou jy R16.50 van jou R1 000 oorgehad het.

Met WorldCom sou daar minder as R5 oor gewees het.

MAAR: as jy 'n jaar gelede R1 000 se wyn gekoop, alles opgedrink en die bottels ingeruil het, sou jy nou R214 gehad het.

Dit is dus baie duidelik dat, om baie te drink en die bottels te herwin, jou beste huidige belegging is.

Geplaas in belang van ons plaaslike wynboere.

# Stamboom

## Help ons familiesoekers

**DE WIT** [danielfrancoissmit@gmail.com](mailto:danielfrancoissmit@gmail.com)

Ek is op soek na meer inligting oor Pieter von Ludwig de Wit wat getroud was met Anna Marthina de Wit (Luttig was haar nooiensvan). Hulle het 'n dogter gehad met die naam van Johanna Hendrika de Wit wat op haar beurt getrou het met Daniel Johannes Francois Louw.

**ESTERHUYSE** [cvn041@gmail.com](mailto:cvn041@gmail.com)

Daniel Christiaan Esterhuyse gebore in Sutherland op 1 Augustus 1815. Sy seun Johannes Hermanus Esterhuyse gebore in 1844 en oorlede in 1846. Stefanus Esterhuyse gebore 15 Mei 1846. Ek is opsoek na informasie oor sy twee vrouers met wie hy getroud was asook informasie oor hulle kinders.

**JACOBS** [ec.vantonder@gmail.com](mailto:ec.vantonder@gmail.com)

My ouma was Johanna Maria Susanna Jacobs. Sy is gebore op 1 Januarie 1911 en oorlede 11 Augustus 1935. Haar broer se name was Mathewis Johannes Jacobs en hy was gebore op 10 Januarie 1915. As iemand dalk meer inligting het oor hulle, sal ek by wees, as julle dit kan plaas asseblief.

**KOTZE** [issebelvisser@gmail.com](mailto:issebelvisser@gmail.com)

Ek is op soek na alle inligting aangaande die vanne, Kotze, Kotzee en Kotassa. Enige informasie sal waardeer word.

**STORM** [chris.storm007@gmail.com](mailto:chris.storm007@gmail.com)

Johan David Storm, gebore in 1733 het in 1751 in die Kaap aangekom. Inligting oor hom en sommige van sy nageslagte is gratis by my beskikbaar. Ek soek ook nog na heelwat van sy afstammelinge.



Studies  
toon 90%  
van mans  
verkies  
vroue met  
kurwes.  
Die orige  
10%  
verkies  
ander  
mans.

**Die probleem met  
die wêreld is dat  
die intelligente  
mense vol TWYFEL  
is terwyl die  
dommes weer vol  
SELFVERTROUE is**

## Moeilik om só te moet loop

'n Skot emigreer na Kanada en gaan kyk na sy eerste bofbalwedstryd.

Die eerste kolwer kom uit, swaai sy bofbalkolf rond en slaan 'n dubbel. Almal is op hul voete en skree: "RUN!"

Die volgende kolwer slaan 'n enkel en die Skot luister weer hoe die skare "RUN!" skree.

Hy begin die spel nou geniet en begin saam met die skare skree. Die volgende kolwer laat vier balle verbygaan omdat hulle te hoog of te laag gegooi is en die skedersregter roep "WALK!" Die kolwer skuifel stadig na eerste bof.

Dis toe die Skot opspring en skree: "Run, ye lazy bastard, run!"

Die mense rondom hom bars uit van die lag.

Een van die toeskouers kry die Skot jammer en verduidelik:

"He can't run – he has four balls."

### GEDAGTES

- Mense hou van kritiek – hou dit net positief en vleiend.
- Gekke storm in waar ander gekke voorheen was.
- Die meeste mense verdien mekaar.

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



“

Jy kyk na jou gesig in die bakkie se truspieëltjie. Jy het nog nie geskeer nie, en jy sal ook nie vandag skeer nie, weet jy.

Deur DANA SNYMAN

**E**n dan, op 'n oggend, stap jy met jou hond van jou huis af see toe, maar jou hond draf nie vooruit soos al die ander kere nie. Jou hond stap agter jou in die grondstraat af, stadig, op stram bene.

Jy draai om en gaan buk by hom. Eers voel jy aansy neus. Koud. Toe jy aan sy voorbeen – die een waarin jare gelede 'n staalpen geplant is – wil raak, wil hy jou byt.

Jou hond het pyn.

Jy sukkel om hom in jou bakkie te kry en ry met hom veearts toe. Hy sit nie soos gewoonlik regop langs jou en blaf vir die rylopers by die Saldanha-kruising nie. Jou hond lê langs jou op die sitplek met sy kop tussen sy voorpote.

Jy laat rus jou hand op sy rug, te bang om hom te vryf, te bang jy maak hom seer. Dis net ná sewe. Die veearts is eers van agtuur af by die dierehospitaal, maar jy ry reguit soontoe.

Jy wag by jou hond in die bakkie terwyl iemand oor RSG oor iets praat. Jy skakel die radio af en kyk na jou gesig in die bakkie se truspieëltjie. Jy het nog nie geskeer nie, en jy sal ook nie vandag skeer nie, weet jy.

Drie minute en baie sekondes ná agt maak die veearts die deur oop. Kan ek help? vra sy. My hond, sê jy. Bring, sê sy.

Jou hond hap weer na jou toe jy hom van die bakkie se sitplek wil lig. Jou hond ken pyn. Hy het een oog in 'n township verloor voor hy by jou kom woon het. In die spreekkamer lê 'n bont kat in 'n mandjie. Jy is lus en skreeu vir jou hond: Sa! Vat die kat!

Maar jou hond sien nie eers die kat raak nie. Jou hond se bene is styf en sy vel blink lankal nie meer soos dié van 'n jong hond nie. Die veearts hurk by hom en gly haar hande sagoor sy rugstring, sy nek, sy bene.

Hoe oud is hy? vra sy. Dis 'n onreverdige vraag. Jy weier al hoe lank om daardie som te maak. Jy weet nie hoe oud jou hond is, sê jy. Wanneer het jy hom gekry? vra sy. Die jaar toe ek opgehou het om soos die alleenste mens op aarde te voel, wil jy jy vir haar sê. Dis wat die ouderdom doen, sê sy. Spuit hom in, sê jy. Gee pille. Gee nog tyd.

Jy ry weer terug huis met jou stil hond langs jou op die sitplek. By die huis spring hy nie dadelik uit die bakkie, blaffend, en gaan jaag nie die meeu onder by die see met sy sekels in die lug nie. Miskien sal hy dit weer doen sodra die medisyne begin werk. Miskien is daardie dae verby.

Jou hond stap stadig agter jou aan en gaan lê in die sonnetjie voor die agterdeur.

Dis Oktober, dink jy, en kyk na hom. Dit is veronderstel om lente te wees.

Die volgende Kammanuus is  
op 16 November 2015